# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

December/Desember 2019



*Frik Knoetze*
*Gebore 2 April 1940*
*Oorlede 18 Oktober 2019*

FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS / VIR DIE LIEFDE EN VERSORGING VAN SIERDUIWE

OFFICIAL MOUTHPIECE OF SAFPA / AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE SASV

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
Ter nagedagte aan Frik Knoetze - Christo Munnik 4
Vandag se tyd - Marleen Esterhuizen 7
Kers- en Nuwejaars wense 8
KZN - AGM - Wilma Oelofse 9
Oostelike Provinsie AJV - Danie Strydom 10
Scoreboard and Rules 12


## Birthdays

**A057*- Cyril Jasper - 01-Jan**
**H019 - Tom Ryke - 01-Jan**
**A009*- Phillip Lee - 01-Jan**
**K012 - Ryan vd Schyff - 02-Jan**
**V001 - Raymond Hohls - 02-Jan**
**C042 - JH vd Walt - 03-Jan**
**W037 - Jody Coetzee - 05-Jan**
**V007 - Piet Kruger - 05-Jan**
**V021 - A Kruger - 05-Jan**
**V025 - Lelani Fourie - 05-Jan**
**H043 - André Grobbelaar - 06-Jan**
**H017 - Danté Pelser - 09-Jan**
**J009 - Renier van Schalkwyk - 10-Jan**
**W023 - Ricardo Venter - 10-Jan**
**J011 - J Conan - 10-Jan**
**H002*- Ben Ricketts - 11-Jan**
**D023 - Pierre Muller - 11-Jan**
**S010 - Thinus Cocklin - 14-Jan**
**C040 - Naas Swart - 14-Jan**
**W037- Emi Coetzee - 18-Jan**
**N015 - Jocelyn Dent - 20-Jan**
**W001- Routjie Roux - 24-Jan**
**D036 - Gerhard Boshoff - 25-Jan**
**D045 - Awie Esterhuizen - 26-Jan**
**V016 - Danie Swart - 29-Jan**

***Ill members***

Rubie Small wife of Awie Small (Easter Region) Please keep her and her family in you prayers.

***Deaths***

*Neil Raw - KwaZulu - Natal*

***New members***

CJ Venter - C046
Edmund van Antwerp - C047
Rudolph Combrinck - C048
Ashley Musa - H079
Leendert Groenewald - H078
Charles Pawson - J032
Johan vd Merwe - K053
Blue Sky Lofts - K054
Wian Muller - W074
Andries Cilliers - W077

***FOR GOD SO LOVED THE WORLD HE GAVE HIS ONLY BEGOTTEN SON, WHO SO EVER BELIEVETH, SHALL HAVE ETERNAL LIFE.........***
***THAT'S LOVE***

**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**




**National Editor**
**Cora Munnik**


# Take my Son

A wealthy man and his son loved to collect rare works of art. They had everything in their collection, from Picasso to Raphael. They would often sit together and admire the great works of art.

When the Vietnam conflict broke out, the son went to war. He was very courageous and died in battle while rescuing another soldier. The father was notified and grieved deeply for his only son.

About a month later, just before Christmas, there was a knock at the door. A young man stood at the door with a large package in his hands. He said, 'Sir, you don't know me, but I am the soldier for whom your son gave his life.

He saved many lives that day, and he was carrying me to safety when a bullet struck him in the heart and he died instantly. He often talked about you, and your love for art.' The young man held out this package. 'I know this isn't much. I'm not really a great artist, but I think your son would have wanted you to have this.'

The father opened the package. It was a portrait of his son, painted by the young man. He stared in awe at the way the soldier had captured the personality of his son in the painting.

The father was so drawn to the eyes that his own eyes welled up with tears. He thanked the young man and offered to pay him for the picture.. 'Oh, no sir, I could never repay what your son did for me. It's a gift.' The father hung the portrait over his mantle.

Every time visitors came to his home he took them to see the portrait of his son before he showed them any of the other great works he had collected.

The man died a few months later..... There was to be a great auction of his paintings. Many influential people gathered, excited over seeing the great paintings and having an opportunity to purchase one for their collection. On the platform sat the painting of the son. The auctioneer pounded his gavel. 'We will start the bidding with this picture of the son.

Who will bid for this picture?' There was silence.. Then a voice in the back of the room shouted, 'We want to see the famous paintings. Skip this one.' But the auctioneer persisted. 'Will somebody bid for this painting? Who will start the bidding? $100, $200?'

Another voice angrily.. 'We didn't come to see this painting. We came to see the Van Gogh's, the Rembrandts.. Get on with the Real bids!' But still the auctioneer continued. 'The son! The son! Who'll take the son?'

Finally, a voice came from the very back of the room. It was the longtime gardener of the man and his son. 'I'll give $10 for the painting...' Being a poor man, it was all he could afford. 'We have $10, who will bid $20?'

'Give it to him for $10. Let's see the masters.' The crowd was becoming angry. They didn't want the picture of the son. They wanted the more worthy investments for their collections. The auctioneer pounded the gavel. 'Going once, twice, SOLD for $10!' A man sitting on the second row shouted, 'Now let's get on with the collection!'

The auctioneer laid down his gavel. 'I'm sorry, the auction is over.' 'What about the paintings?' 'I am sorry. When I was called to conduct this auction, I was told of a secret stipulation in the will.. I was not allowed to reveal that stipulation until this time.

Only the painting of the son would be auctioned. Whoever bought that painting would inherit the entire estate, including the paintings. The man who took the son gets everything!'

God gave His son 2,000 years ago to die on the cross. Much like the auctioneer, His message today is: 'The son, the son, who'll take the son?'

Because, you see, whoever takes the Son gets everything.


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Ter nagedagtenis aan Oom Frik Knoetze*

***Christo Munnik***

Ek het die eerste keer met oom Frik Knoetze kennis gemaak in 1976 toe ek deur middel van die destydse advertensie in die Landbou Weekblad by die SASV aangesluit het. Oom Frik was toe die Ringmeester van die SASV en soos dit maar gaan het laat Tannie Sarie Knoetze sy wederhelfte die werk doen en het hy net die shine gevang en het hy dan ook vir my per telefoon welkom geheet by die SASV.

Ek het die oom by verskeie geleenthede soos vergaderings en skoue gesien terwyl ons saam in die ou Transvaal streek diens gedoen het. So skryf ek eendag aan hom ‘n brief nadat die Ringmeester werk aan Tannie Sarie oorgedra is oor my duiwe wat siek is en dat ‘n hond al my Modenas doodgebyt het en ook dat my Kartelrue nie wil broei nie. Ek kan nou nie alles hier skryf wat hy vir my laat weet het nie maar onder andere het hy my laat vertsaan dat as ek wil huil oor dooie duiwe en oor die wat nie wil broei nie moet ek liewer dit oorweeg om op te hou duiwe boer. Later toe ons mekaar beter leer ken het ons lekker gelag oor die brief wat hy vir my terug gestuur het.



**Frik Knoetze altyd gewillig om te help hier braai hy die vleis tydens een van die Kimberley skoue**

Ek en die oom het later in ons lewe redlike goeie vriende geword en was baie saam stout gewees want dit was een ding wat oom Frik baie goed kon doen is stout wees en mense se siele uit te trek.

Oom Frik was dan ook ‘n baie goeie duiweboer wat sy duiwe geken het. Ek onthou dat hy destyds




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoor-steenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



toe ek hom ontmoet het onder andere met Strassers en German Beauty Homers geteel het. Hy het van die beste Barless Germans gehad en het ook baie goeie Antwerps gehad. Oom Frik was ook net so 'n goeie beoordelaar en ek het nie net van teel van duiwe nie maar ook van beoordeling van duiwe baie by hom geleer. Ek is seker dat die meeste kennis wat ek het van beoordeling het ek juis by die oom geleer.

Toe tannie Sarie destyds moes ophou met duiwe omdat sy die duiwelong gekry het, het oom Frik ook dadelik sy duiwe weggemaak om haar te help. Hy het egter elke geleentheid wat hy kon benut om by skoue te wees aangegryp en dan het met trots sy Nasionale kleure gedra en kon hy nie ophou om hom gate uit te geniet tussen die duiwe nie. Hy moes natuurlik as hy teruggaan huis toe sy klere in die garage uittrek en skoon klere aantrek voordat hy in die huis kon ingaan want selfs net daardie stof wat aan sy klere was het vir tannie Sarie erg siek gemaak.
Ek onthou die laaste keer wat ek in Kimberley gaan skou het toe 'n klomp van ons saam met die oom Black & White Whiskey gedrink het dat ons naderhand geslinger het. Hy het die Whiskey as borg vir die top sewe duiwe geskenk gekry van die rolbalklub af waar hy baie nou betrokke was. Ons het so baie bottels leeg gedrink dat hy die volgende oggend weer ses bottels moes gaan haal het om terug te sit by die pryse.

Soos ek hierbo genoem het was oom Frik en tannie Sarie goeie rolbal spelers en het hulle baie ligas gewen deur die jare. Oom Frik was dan ook 'n afgetrede treindrywer met die bynaam Kaggelspinnekop wat hy maar gelate aanvaar het as iemand hom so genoem het. Hy het die bynaam by sy medewerkers gekry omdat hy so lank en lenig was met lang arms ook nog en omdat hy nooit stil gesit het nie.

Ek groet vir jou ou Kaggelspinnekop mag jy net in vrede rus my ou maat.

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229




## *Ons verkoop*

| | |
|---|---|
| ***Verskeie Duiwekosse*** | ***Groot verskeidenheid Duiwemedisyne*** |
| ***Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe*** | ***Verskeidenheid Kos en Waterbakke*** |

## *Asook*

| | |
|---|---|
| ***Voëlsade - Voëls en Visse*** | ***Alle Troeteldierbenodigdhede*** |



## *Vandag se tyd*

***Marleen Esterhuizen***

Hoeveel van ons het al besef ons leef verby mekaar? Nie letterlik nie maar figuurlik, ons sien mekaar net ‘n paar keer in ‘n jaar; knoop ‘n geselsie of twee aan en aan die einde van die dag gaan ons weer uitmekaar. Dit is asof ons in hierdie roetine vasgevang word waaruit ons nie kan ontsnap nie en voor ons ons oë uitvee is jare verby en ons het dit nie eers besef nie.

Tyd vlieg en ons kan dit nie keer. Elke sekonde van elke minuut moet jy oordeelkundig bestee, jy kry dit nooit weer terug nie en dit word deel van die verlede. In elke moontlike opsig val jy in ‘n roetine maak nie saak na watter kant toe jy probeer vlug nie, hetsy dit nou is om elke werksdag skool toe te gaan of om na jou werk te gaan; dis asof ons almal in robotte verander. Ons is al selfs so gewoond om net moord en misdaad van te hoor dat dit ons nie eers meer bang raak vir die toekoms en die moontlikhede wat met ons kan gebeur nie, asof elke geval waarvan ons lees of hoor net nog ‘n nommer op die statestikelys word.

Ons staar werklikheid in die oë, maar besef dit nie aldag nie. Kom ons gaan en leef ons dag voluit, geniet elke oomblik, en gebruik die vryetyd om kennis op te bou, al is dit nou oor die werk wat jy doen of moet ken vir ‘n vraestel selfs al is dit net oor die land se statestike enige iets wat jy interessant kan vind.Kennis is mag en niemand kan dit van jou wegneem nie. Geniet elke oomblik in die duiwehok, ons is bevooreg om ons stokperdjie met mekaarte kan deel. Duiwe is en sal altyd bly. As daai veertjie eers geland het, is dit mos tickets.

Duiwegroete




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**

**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**



**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**





**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

## Die einde is alweer hier

So het nog 'n jaar verby gevlieg waar almal aan verskeie duiwe skoue deelgeneem het en soms met 'n glimlag en soms 'n "toemaar volgende keer is dit my beurt" uitdrukking op die gesigte weggestap het. Van Wes-Transvaal se kant af wil ons graag die hele duiwe-familie 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag elkeen van julle met 'n goeie broeiseisoen die jaar uitstap en die nuwe instap reg vir die verveertyd wat kort daarna opgevolg word met die begin van die skou tyd.



Duiwe groetnis
Wes-Transvaal

## Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2020

Vanaf die Esterhuizen gesin in Klerksdorp wens ons almal 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar toe. Vir die wat op die paaiegaan wees versigtig ry en kom veilig terug. Kom ons vat hierdie nuwejaar en gaan groot en voluit in alles wat aangepak word.



Duiwe groete
Awie, Daleen en Marleen

## Kers- en Nuwejaars wense

Kan julle glo, hier staan ons weereens aan die einde van nog `n jaar en dis Desembertyd, vakansietyd, Kerstyd, familietyd …….. 2019 het behoorlik in 'n oogwink onder ons uitgehardloop.

Dit was 'n baie uitdagende jaar, maar ons is daardeur met baie genade. Die SASV het weereens groot geeste verloor en ook familie van ons lede. Ons dink aan hulle wat hul eerste Kersfees sonder hulle geliefdes moet vier. Kom ons hou ons hand in die Here se hand en stap die pad wat vir ons uitgelê is. Wees dankbaar vir wat jy het en tot waar jy gevorder het in 2019.

Ongeag wat die jaar opgelewer het, wil ons elke persoon bedank vir sy/haar ondersteuning. Die struikelblokke was daar maar tog was daar nogsteeds baie hoogtepunte waaroor ons dankbaar is.

Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positiwiteit die leisels vat en 2020 `n nog beter jaar maak ter wille van ons Vereniging, ons duiwe en ons saamwees as vriende. Mag die nuwe jaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duiwe is kosbaar.

Vir almal wat ongesteld is en sukkel met hul gesondheid, vra ons dat hulle in ons gebede gehou sal word. Julle is nie alleen nie.

Hiermee wil ek en Theresa vir ieder en elk 'n Geseënde en rustige Kerstyd toewens. Mag 2020 nog beter wees as 2019 en vir elkeen iets inhou om na uit te sien



Chris en Theresa de Bruin

## Kers- en Nuwejaars wense

So kom ons weer aan die einde van nog 'n jaar, daar het baie dinge in ons stokperdjie/klub en ons lewe gebeur. Dit is net dinge wat die Here op ons pad gesit het om van ons sterker en beter mense te maak. Hy sal nooit iets op ons pad laat kom wat Hy weet ons nie kan hanteer nie. Ons sien nie nou die les wat ons daaruit moet leer nie, maar sal later dit besef.

Ons het hierdie jaar 'n paar groot name in ons Organisasie verloor aan die dood, ons OP streek het ook nie vrygespring nie. Ons het by die oop graf van Johann de Beer gestaan en sal hom baie mis- veral die baie straaltjies wat hy met ons gedeel het en die kennis wat hy aan ons gedeel het. Ek sal altyd Johann onthou as die oompie wat met sy "Castle Lite" in die hand gestaan het en daar was atyd 'n glimlag op sy gesig. Ek het hom oom genoem net om uit te vind die dag van sy begrafnis dat hy eintlik net Johann was, want hy is net 6 jaar ouer as ek gewees, maar die siekte het sy tol geeis.

**Jaco Fick - B080 Breed with:**
**Birmingham Roller, Oriental Roller, Felegyzahaer Tumbler, Frillback, Indian Fantail, English Fantail, English Trumpeter, Old German Owl, Blondinette, Barb, Old Dutch Tumbler, Runt, Carrier, Egyptian Swift, Norwich Cropper, Brunner, Maltese, Silician Swallow, Modena, Chinese Owl, Ice Pigeon Muffed, Archangel, Lahore, American Showracer.**
**Contact information: Cell: 079 6761 6548**

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**
**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

My en Pearl se gebede is dat almal wat die valansie op die paaie gaan wees, dat julle veilig sal reis en goed uitrus en reg is vir die groot 2020. Onthou die skouvoorbereidings lê om die draai.

Geseënde Kersfees vir almal en geniet die tydsaam met julle familie en vriende en moet nie die eintlike rede van Kersfees vergeet nie. Dan is ons wens dat julle 'n voorspoedige 2020 sal beleef vol gesondheid en vreugde en dat alles wat mooi is met julle sal gebeur en dat al julle wense sal waar word.

Vere liefde uit die Baai
Danie en Pearl Strydom

---

Dit is met dankbaarheid dat ons weer aan die einde van 'n jaar gekom het. Mag u 'n mooi en geseënde Kersfees saam met u familie en vriende geniet en 'n voorspoedige nuwe jaar tegemoet gaan.

Attie van Aswegen en gesin.

---

Geseënde Kersseisoen vir al ons lede en hul gesinne Mag dit vir elkeen van julle God se liefde in oorvloed bring en mag ons Kersdag vier soos wat Hy dit van ons verwag

Renier en Merle Lee

---

Dit is ons voorreg om al ons duiwevriende 'n vreugdevolle Christusfees toe te wens asook vreugde en voorspoed in die nuwe jaar. Mag die vrede en vreugde van Kersfees en die betekenis daarvan deel wees van elkeen van ons se leefstyl in die nuwe jaar.

Ds Hennie en Rone Hattingh

---

Dit is met dankbaarheid en ons oë opgerig na die Here dat ons al die duiwe vriende en hulle gesinne 'n geseënde Christusfees en 'n voorspoedige 2020 toewens mag al julle drome waar word die jaar.
Christo en Cora Minnik

---



## *Annual General Meeting of the KwaZulu-Natal Region of the South African Fancy Pigeon Association held on Sunday 3 November 2019 at the Alberts falls dam*

***Submitted by: Wilma Oelofse***

**1. Welcome:**
The President Jan Oelofse welcomed all to the meeting
**2. Present:**
Neil Raw, Lappies Labuschagné, Doc Heartley, Bruce Sandison, Jan Oelofse, Wilma Oelofse and Jinny.
**Guests:**
Lionel and Carol Phillips, Angie Raw, Neville de Klerk, Marilyn de Klerk and Barbara Sandison.
**3. Apologies:**
Christo Munnik
**4. Notice of the Meeting:**
Done by phone
**5. Minutes of the Previous Meeting:**
As attached from 2018
**6. Matters Arising:**
No matters arising
**7. Regional show:** Numbers down but enjoyed by all thanks to those who travelled to attend.
**8. Royal Show:** Not as successful as in the past, sales were down.
**9. Feather & Fur:**
An enjoyable day, except for the Jazz concert that was combined with the show.
**10. Family days:** Regular family days were held through out the year & enjoyed by all present.
**11. Election of Office Bearers:**
**President:** Jan Oelofse
**Vice-President:** Bruce Sandison

**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Secretary:** Wilma Oelofse
**Show Secretary:** Wilma Oelofse
**Treasurer:** Bruce Sandison
**Judges Official:** Christo Munnik
**Show Manager:** Doc Heartley
**Assistant Show Manager:** Lappies Labuschagné
**Regional Representative:** Jan Oelofse
**Caterer:** Angie Raw
**Appointments to the Executive Committee:** Christo Munnik

**8. General:**

**A. Confirmation of Regional Show Date:**
25 April 2020

**B. Confirmation of Royal Show Date**
To be finalized

**C. Membership:**
SAFPA 10 Members

**D. Family Days and Christmas Luncheon dates for 2020:**
Wilma Oelofse to draw up a calendar and send out to members

**E. Correspondence:** None

Feedback from Jan Oelofse

1) I would like to thank everyone (including non-club members) for their hard work and support during 2019 we are looking forward to 2020.
2) We had a successful regional show
3) Regarding the royal show, the sales were lower in 2018 (5770 lower than 2017).
4) Feather and fur was a success but we need to look into promoting it more to the public. There was a jazz concert on the same day that could have influenced the day.
5) I would like to thank the members that is hosting the family days, and I would like to thank Neil Raw as well for the times when there was no venue that we could use the boat club as a venue for our family days it is much appreciated.
6) We appreciate that under very difficult circumstances that Neil Raw and his family attended the AGM we are keeping the Raw family in prayer.

**Show dates 2020**
1.1 KZN Streekskou - 25 April
The meeting closed at 13:00 with a vote of thanks to the Chairman from the members.




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**






## *Algemene Jaarvergadering en Jaar eind Funksie van Oostelike Provinsie Sierduifstreek gehou op 16 November 2019 te Greenbushes Port Elizabeth:*

***Danie Strydom***

En so kom ons weer aan die einde van 'n jaar vol vreugde en hartseer. Ons in die Oostelike Provinsie streek het die jaar een van ons lede en vorige President van die Oostelike Provinsie aan die dood af gestaan, Johann de Beer ons gaan al jou praatjies mis. Jy was 'n groot boom in die Oostelike Provinsie. Ons het soos enige ander streek maar ons "ups and down" gehad, maar het dit oorkom.

Ons het twee (2) lede verloor, maar het darem sewe (7) lede bygekry, dan het ons sover drie (3)



*Die saal gereed vir die funksie*

nuwe lede wat al aan gesluit het vir 2020 en daar is nog vyf (5) toekomstige lede wat ook gaan aansluit wat ons van weet.

Die jaar Algemene Jaarvergadering en jaar eind funksie se beplanning het met ons vorige duiwe dag in Oktober begin, daar was geen tekort aan voorstelle nie. Die laaste twee (2) weke voor die AJV het die verfyning van die planne begin, en ek

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

glo alles was goed beplan en uit gevoer. Die saal voorbereiding het die Vrydag middag begin en die aan ry van die spitbraai, daar was weer so paar lagwekkende oomblike met Es, maar dit bly tussen




ons. Die Saterdag oggend het Johnny Rudman en Johnny Rudman Junior begin met die saal en die meeste lede het van so 10h00 by saal aan gekom. Daar is nuwe lede wat ons vir die eerste keer




van aangesig tot aangesig gesien het en almal het lekker saam gekuier, gesels en raad gevra en uit gedeel. Die vergadering het 11h00 begin en almal Teenwoordig was stiptelik.



Van die sewe en twintig (27) lede was agtien (18) teenwoordig en nege (9) het verskonning gemaak, vyf (5) van die lede bly meer as 300km van Port Elizabeth af en die ander het ander reëlings gehad soos troues ensovoorts. Ons almal te saam was es en dertig (36) mense. Die vergadering het tot 13h00 geduur. Robin Prince het ook by ons aangesluit vir die dag en hy moes werk om die nuwe lede se gelde te kry en kwitansies te skryf, maar soos ons Robin Prnce ken is dit nie werk vir hom nie, dit is sy passie.

Na die vergadering was die skaap klaar gespit en die wat rook het gou 'n sigaret gaan aansteek en die dames het begin die kostafels voor berei, die slaaie, potbrood en die opgesnyde skaap is op die tafel mooi uitgesit. Ons almal het gaan opskep en toe begin ons vreetsaam verkeer. Na die ete het die dames ons verras met nagereg en vla. Na die ete het almal so een vir een gegroet en ons verlaat, daar was so paar wat tot die einde lekker gekuier het en gehelp om die saal op te ruim en natuurlik het die dames die skottelgoed gewas en die kombuis mooi skoon gemaak.

Die vakante poste op die bestuur is verkies en die Oostelike Provinsie streek se bestuur is as volg:
**President:** Danie Strydom (nuut)
**Vise-President:** Johnny Rudman
**Tesourier:** Ryan van der Schyff
**Sekretaris**: Pearl Strydom (nuut)
**Beoordelaarsbeampte:** Johan Borha (nuut)
**Skou Bestuurder:** Johan Borha (nuut)
**Jeug verteenwoordiger:** Thea van den Berg

Ons junior lede hou ook ons streek se naam hoog. Ons Streek is baie trots op twee (2) van ons juniors Cara Lee van den Berg het haar Provinsiale kleure gekry het tydens die SA Skou in Pretoria. Hanna Schrosbree vaar nie net goed op ons duiwe skou nie, maar is ook die Oos Kaap kampioen in "Pony ride jump" en is eerste "gerank" in Suid Afrika as "Pony rider 1.0m jump".

Ons as streek is baie trots op julle twee (2) vir die goeie prestasies en dat julle ons streek se naam hoog hou, ons as streek hoop en weet daar gaan nog baie rekords en oorwinnings vir julle wees.
Dit was weer eens 'n baie lekker dag saam die Oostelike Provinsie streek se duiwe familie en almal het dit geniet

Duiwe groete

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R40 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 2192 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 2176 |
| 2. | KwaZulu-Natal: | 950 |
| 3. | Eastern Province: | 850 |
| 4. | Northern Freestate: | 703 |
| 5. | Eastern Region: | 450 |
| 6. | Northern Cape: | 400 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | Western Cape: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Weskaap: | 850 |

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**